MEDIA RELEASE
BY CHRISTIAN DEMOCRATIC ALLIANCE (CDA)

24 JANUARY 2011

The CDP reacts to ACDP decision on Alliance
The Leader of the Christian Democratic Party (CDP) Rev Theunis Botha expressed disappointment at the ACDP's response to unity talks between them.

"The CDP initiated and hosted a meeting with the ACDP which took place in Pretoria, on 20th March 2010. The ACDP was represented by a high powered delegation of 12 including their then deputy President, National MP's, Provincial MPL's and National Executive members. Unfortunately, it would appear that their President didn't think that unity talks were important enough, and therefore was not present. The CDP sent an equally high powered delegation which included their Party Leader.

"The talks were conducted in an amicable atmosphere and ended in an acknowledgement that the parties had much in common and that finding ways to unite was important. The ACDP delegates would report back to their President and suggested a follow-up meeting which they would host.

Unfortunately it would appear that their President put a spanner in the wheel, and the meeting was never arranged. After months of correspondence between the two parties, the ACDP finally rejected any possibility of an alliance between them.

"It is a sad day indeed", said Rev Theunis Botha, "when two "Christian parties cannot find a way of uniting in their fight against secular-humanism, which is pervading the political scene in South Africa. "We still believe", Botha said, "that an Alliance of all Christian parties is the solution for our Country."

Die CDP reageer op ACDP se besluit oor alliansie
Die leier van die Christen-Demokartiese Party (CDP), ds. Theunis Botha, het sy teleurstelling uitgespreek met die ACDP se reaksie op die eenheidsgesprek tussen hulle.

"Die CDP het die inisiatief geneem en as gasheer vir samesprekings met die ACDP opgetree wat op 20 Maart 2010 in Pretoria plaasgevind het. Die ACDP is deur 'n hoë profiel-afvaardiging verteenwoordig wat die destydse adjunk-leier, nasionale LP's, lede van provinsiale wetgewers en nasionale uitvoerende komiteelede ingesluit het. Ongelukkig, so lyk dit, het die partyleier, eerw. Kenneth Meshoe, die samesprekings nie as belangrik genoeg geag om teenwoordig te wees nie. Die CDP is deur 'n ewe hoë profielafvaardiging, onder andere die partyleier, verteenwoordig.

"Die samesprekings het in 'n goeie gesindheid plaasgevind, en daar is tot die slotsom gekom dat die partye baie in gemeen het en dat dit belangrik was om maniere te vind om te verenig. Die ACDP-afgevaardigdes sou aan hul leier terugrapporteer, en het 'n opvolgvergadering voorgestel wat die ACDP sou aanbied. Ongelukkig, so lyk dit, het die ACDP-leier sake gedwarsboom en die opvolgvergadering is nooit gereël nie.

"Na maande se korrespondensie het die ACDP uiteindelik enige vooruitsig op 'n alliansie verwerp. "Dit is 'n treurige afloop dat twee Christen-partye mekaar nie kan vind nie," aldus ds. Botha, "en nie die weg oopsien om saam te span in hul stryd om sekulêre humanisme wat die Suid-Afrikaanse politieke toneel oorheers, die stryd aan te sê nie.

"Ons glo steeds dat 'n alliansie van alle Christelike partye die oplossing vir die land bied."